

## A.5

# MEGANIESE BESKADIGING

Teenoorgestelde kant van die knol moet vry van die gebrek wees.

**Klas 1:** Tot die maksimum mate soos in foto 5 uitgebeeld, is toelaatbaar: Met dien verstande dat die letsel nie dieper as 4 mm is nie.

**Klas 2:** Tot die maksimum mate soos in foto 6 uitgebeeld, is toelaatbaar: Met dien verstande dat die letsel nie dieper as 6 mm is nie en dat hoogstens 10% van die knol deur middel van keepsnitte weggesny moet word om die letsel te verwyder.

**Klas 3:** In 'n groter mate beskadig as in foto 6 uitgebeeld, is toelaatbaar: Met dien verstande dat hoogstens 20% van die knol deur middel van keepsnitte weggesny moet word om die letsel te verwyder.

**Laagste Klas:** Geen spesifikasies.

### Redes vir die verskynsel

- Kan tydens alle stadia van die oes- en hanteringsproses opgedoen word, bv. uithaler, pakhuis praktyke, masjinerie, ens.

### Hoe dit vermy kan word

- Reguleer die trekkersnelheid (nie vinniger as 2.5 km/u nie).
- Beperk die uithalerhelling en valhoogte van knolle.
- Reguleer uithalerdiepte en -kettingsnelheid.
- Probeer om 'n grondkussing op twee-derdes van die uithalerketting te verseker.
- Moenie rye met trekker of ander toerusting trap nie.
- Bring beskermingsmateriaal op alle beskadigingspunte aan.
- Vermy swaar grondtipes.
- Moenie aartappels uithaal voor skil behoorlik geset het nie, uithaal voor aartappels volkome volwasse is nie.
- Moenie sakkies te hoog stapel nie.
- Verseker versigtige hantering deur doeltreffende toesig en opleiding.
- Skakel onnodige hantering uit, bv. deur palette by stapeling te gebruik.
- Waar nodig en moontlik, dien 'n ligte besproeiing toe voor ligting.
- Vermy ligting as dit baie koud is.

## A.5

# MECHANICAL DAMAGE

Opposite side of the tuber must be free from the defect.

**Class 1:** To the maximum extent depicted in photo 5 is permissible: Provided that the lesion is not deeper than 4 mm.

**Class 2:** To the maximum extent depicted in photo 6 is permissible: Provided that the lesion is not deeper than 6 mm and that not more than 10% of the tuber needs to be cut away with groove cuts to remove the lesion.

**Class 3:** To the greater extent damaged depicted in photo 6 is permissible: Provided that not more than 20% of the tuber needs to be cut away with groove cuts to remove the lesion.

**Lowest Class:** No specifications.

### Reasons for the occurrence

- Can be sustained during all stages of the harvesting and handling process, e.g. lifter, pack house practices, machinery, etc.

### How it can be avoided

- Regulate the tractor speed (not faster than 2.5 km/h).
- Limit the lifter angle and drop height of tubers.
- Regulate lifter depth and chain speed.
- Endeavour to get a soil cushion on two-thirds of the lifter belt.
- Do not trample rows with the tractor or other equipment.
- Pad all sharp edges with protective material.
- Avoid heavy types of soil.
- Do not lift potatoes before the skin is properly set and before they have reached maturity.
- Do not stack bags to high.
- Ensure careful handling by proper supervision and training.
- Eliminate unnecessary handling, e.g. by using pallets for stacking.
- Where necessary and possible apply a light irrigation prior to lifting.
- Avoid lifting when it is very cold.

## MEGANIESE BESKADIGING - MECHANICAL DAMAGE A.5

